Lectori Salutem!

Hier volg die jaarverslag van die HJS vir die jaar Oktober 2021 tot Oktober 2022.

SOSIAAL

Matriekontbyt en saalafsluiting, 2021
Die graad 12's se laaste dag op 22 Oktober het begin met 'n heerlike ontbyt by Brugstraat. Daarna was daar 'n saalbyeenkoms, wat geopen is deur ds Bekker Nieuwoudt. Mnr Derek Swart het daarna 'n uitstekende toespraak gelewer wat elke kind en ouer geraak het. Die hoofseun, Luke van Schoor, neem toe namens die graad 12's afskeid van die skool en die graad 12's verlaat die saal deur vir oulaas om die skoollied in die voorportaal te sing.
Nadat die oorblywende graadgroepe deremoniëel in hul spasie vir 2022 ingeskuif het, het die nuwe hoofseun, Ernst Kirsten, sy openingsboodskap gelewer.

Lamveiling, 2021
Hierdie veiling wat op die veld voor die skool plaasgevind het, was vanjaar weer eens 'n reusesukses. Ons is dankbaar dat dit vanjaar met al die veilings baie goed gegaan het. Graag bedank ons al die skenkers van lammers en donasies asook Delico, BKB, die tafelgashere, die braaiers en ons wonderlike span-personeel wat gesorg het dat die lamveiling een groot fees was. Aan al die kopers en die afslaer, Appie Maritz: ons opregte dank vir julle bydrae om hierdie lamveiling een van die suksesvolste ooit te maak.



Graad 10-dinee 2021
Hulle was bevoorreg om ná twee jaar weer 'n dinee te kon bywoon. Dit was 'n wonderlike gesellige aand by Rusticana.

Gr. 8F-Paintball-uitstappie 2021

Die graad 8-klasse word jaarliks aangemoedig om deur middel van ’n finansiële bydrae geld in te samel vir die HJS Lamveiling. Die prys vir die wenklas? ’n “Paintball”-skietsessie by WildX Adventures, Paarl.

In 2021 het die opgewondeheid weer hoog geloop onder die gr. 8’s en daar was ’n gesonde kompetisie tussen die klasse. Die wenklas was die 8F’s en hulle kon dus op 11 Desember 2021 die genot van WildX Adventures gaan ervaar.

Dit was ’n oggend vol pret, gesels en lag. Daar was vier spanne wat twee op ’n slag teen mekaar meegeding het om te kyk watter span die vlag eerste kon kry en dus ook dan die wenspan is. Ons is seker dit was vir die seuns ’n groot hoogtepunt. Hul het selfs aan die einde gevra of hul nog langer mag bly.

Blue Day-gholfdag 2021

HJS Paarl se Blue Day-gholfdag het op 11 November te Boschenmeer-gholfklub plaasgevind. Hierdie jaarlikse uitblinkgeleentheid word nie sommer deur ons ouers en oudleerders gemis nie en al 36 vierballe is vroeg reeds uitverkoop. Die dag is gekenmerk deur die passievolle betrokkenheid van ons ongelooflike borge wat bygedra het tot fantastiese pryse, veilingsitems, teenwoordigheid op die gholfbaan en saamkuier by die funksie na afloop van die gholf. Die kunstenaar, Wikus van der Merwe, het nie net saam gholf gespeel en ons veiling hanteer nie, maar ook ons gaste vermaak met ’n paar stories en ’n liedjie of twee.

Die wenners van ons 2021 Blue Day-gholfdag was die vierbal van Reuben Riffle, Micheal van Niekerk, Cheslin Grobbelaar en Stefan van Rooyen met 116 punte. Hulle het elkeen weggestap met Pearl Valleygholf- en akkommodasiepryse, asook Nederburgwyn, moontlik gemaak deur Pearl Valley, en Jackson en Black. In die tweede plek was John Grundling, Sean Grundling, Louw Schabort en Pieter Malan, wat elkeen weggestap het met ’n gholfprys by Pearl Valley en akkommodasie by die Pontac Manor. In die derde plek was Christo van Wyk, Chris Jordaan, Colyn Donaggi en Stanley Kruth met ’n Boschenmeer-gholfprys en akkommodasie by Belmonte-gastehuis.

Prefekkamp 2021

Die prefekkamp het aan die begin van die vierde kwartaal plaasgevind en is vir die eerste keer in jare deur al die verkose prefekte bygewoon – sommiges moes wel weens sportverpligtinge tydens sekere aspekte van die program verskoon word, maar hulle was begeesterd genoeg om dadelik weer te kom inskakel.

Nie net het die prefekte die belangrikheid van HJS se waardes en tradisies, positiewe leierskap asook konsekwente dissipline geleer nie, maar hulle driltalente is ook tot die uiterste beproef deur mnre J Strauss en D Swart – sommige van hulle het agtergekom hulle het meer linkervoete as ander.

Die hoofdoel van die kamp, naamlik die ontwikkeling van ’n eenheidsgevoel en daarmee saam spanwerk, het veral geblyk tydens die fisieke aktiwiteit van die Sondagnamiddag waartydens die manne die spreekwoord “He ain’t heavy, he is my brother” prakties uitgevoer het.

Ná die kamp is die hoofleerders verkies, naamlik Ernst Kirsten (hoofleerder) en Erwin Meyer (onderhoofleerder) saam met Jacques Rossouw (sekretaris) en Kenneth Janson (tesourier).

Baie dankie aan elke prefek wat bygedra het tot ’n onvergeetlike kamp.

Style Event

Die BHS Style Event het op 4 Mei plaasgevind. Tydens die Style Event word nege finaliste op die verhoog gesien waar hul die Boishaai-waardes prakties voorstel. Daar was vier tonele. Die eerste toneel is slegs ’n bekendstelling van die finaliste aan die gehoor en beoordelaars. Tydens die tweede toneel dra die seuns hul eie styl – hoe ons kan verwag om hul op ’n naweek te sien – en beantwoord ook ’n vraag wat aan hul gestel word. Op so manier wys hulle dat ’n ware Boishaaier weet hoe om homself op die beste moontlike manier voor mense ten toon te stel en ook dat hy ook oor die vaardigheid beskik om voor mense te praat.

Tydens die derde toneel het die finaliste met Boishaai-swembroeke op die verhoog verskyn. Hierdie swembroeke is spesiaal vir die geleentheid ontwerp en sal binnekort binne die Bois Shoppe te koop wees. Tyens hierdie toneel wys die seuns dat Boishaaiers na hul liggame kyk en weet dat gesonde liggame ook ’n gesonde gees huisves. Die vierde toneel is effens formeel met pakke en ’n dame aan hul sy om aan die gehoor te wys dat hul weet hoe om ’n dame met die nodige respek te behandel.

Peter Pentz, ook ’n oudleerder van die HJS, was seremoniemeester en het hom uitstekend van sy taak gekwyt. Hy het die gehoor heel aand met sy humorsin vermaak. Die drie beoordelaars was Efraine van Heerden, Paul de Wet en Stephen van Eeden, onderskeidelik grimeerkunstenaar, oudleerder, en Stormers-speler en ontwerper. Die aand is afgesluit met ’n vertoning deur Sunset Sweatshop.

Die wenners was Robert-John du Preez (Mr Style), Erwin Meyer (1ste Prins) en Deon du Plessis (2de Prins). Ruan Heystek was mnr Fotogenies en Erik Viljoen mnr Persoonlikheid.

Braaidag

Vanjaar se Braaidag is gebruik om fondse in te samel vir HJS se eie Back-a-Boishaaier projek. Back-a-Boishaaier is ons baie suksesvolle voedselskema vir leerders wat danksy ouers met groot harte elke oggend hul broodjie kry. ‘n Groot dankie aan Zomerlust Spar wat ‘n groot rol gespeel het met die wors, rolletjies en souse, Powerflow Exhaust Bellville vir ‘n groot donasie en mpact vir die houers waarin die worsbroodjies verpak is.

Manspersoneel-rolbal

Op 19 Augustus het die HJS-manspersoneel ‘opgedraf’ op die Paarl Rolbalklub om te toon hoe vernuftig hulle is om balle te rol. Soos altyd was daar spanne wat baie moeite gedoen het deur spesiale kleredrag te kies terwyl ander spanne, soos die Golden Oldies, net bly was hulle kon deelneem. Rolbal word volgens streng reëls, veral rondom etiket, gespeel. ’n Mens mag byvoorbeeld nie op ’n kampstoel op die baan sit nie, het van die Golden Oldies met ’n skok ontdek.
Baie balle is gerol en uiteindelik het die span van Willie Nel met die louere weggestap terwyl die span bestaande uit Juandré Nortjé, Jacques Grobbelaar, Roan Janse van Rensburg en Ian Uys die span was wat die netjiesste aangetrek was. Die aand is afgesluit met ’n lekker worsbraai by die rolbalklub. Baie dankie aan Paarl Rolbalklub vir hulle gasvryheid.

Wynveiling

Die Wynveiling wat by Boschenmeer-gholfklub plaasgevind het, was weer ’n reusesukses. Graag bedank ons al die skenkers van wyne, wynproë en verblyfdonasies asook die tafelgashere, wyngashere, Richard Visagie en sy wonderlike span bestaande uit Uschi Ruthard, Ursula Windt, Juandré Nortjé, Shane Benade, PJ Vermeulen, Jacques Grobbelaar en Ian Uys wat gesorg het dat die Wynveiling ‘n groot fees was. Aan al die kopers en die afslaer, Dieter Schutte, ons opregte dank vir hul wonderlike bydrae om hierdie Wynveiling. Graag bedank ons ook vir James Brink van die Golfing Goat en sy span wat gesorg het vir die spyseniering, dek van tafels en professionele bediening.

KULTUUR

Galakonsert

Die musiekdepartement het hulle 2021 -jaar op kleurryke wyse afgesluit tydens ’n heerlike galakonsert by Klein Parys-landgoed se Oppiestoep-restaurant. Dit was ’n absolute sielsverrykende aand gevul met vreugde, samesyn en wêreldgehalte vermaak, verskaf deur ons topmusikante. Ons opregte dank gaan aan die organiseerders, deelnemers en ondersteuners.

Suonare

Suonare het vir die eerste keer in twee jaar ’n “normale” begin ervaar, maar dit het beteken dat ons jaar reeds teen ’n stywe pas begin het. Alhoewel die orkeslede nog effens jonk en onervare is, is daar in die afgelope paar jaar ’n goeie grondslag gelê wat verseker het dat ons nuwelinge baie vinnig kon inskakel en ook vinnig kon leer. Die orkes het in Februarie by die grootliks opgekikkerde Piekniekaand opgetree.

Ons het ’n uiterse besige derde kwartaal gehad. Eerste op die skedule was die Paarl Vallei Eisteddfod, waar die orkes Cum Laude ontvang het vir hul optrede. So goed was hul optrede dat hulle op 6 September by PVE se Gala-aand wegstap as beste orkes in die ope klas! Dit het nie daar gestop nie: Die orkes het ná ’n lang wag weer hul beroemde orkesfees aangebied, met gasorkeste van Wynberg Seuns en Meisies Hoërskool, Paarl Meisies Hoërskool, ons eie oudstudenteorkes asook gaskunstenaars Kaleisdoskoop. Suonare is toe hierdie jaar ook die voorreg gegun om na Stellenbosch Universiteit se jaarlikse Band Extravaganza genooi te word, ’n orkesfees waar skole genooi word om die verhoog te deel met die universiteit se simfoniese blaasorkes. Die fees vier die talent van blaasorkeste in die Wes-Kaap, **en** die geleentheid is eksklusief per uitnodiging. Die orkes het met die einde van hul optrede ’n staande ovasie ontvang van die gehoor in die Endler-saal.

Drumline

Die drumline het ’n besige eerste kwartaal gehad, maar het, soos altyd, gehore aan hulle voete gehad. Die drumline se eerste optreegeleentheid was tydens die Prestige-atletiekbyeenkoms. Hulle is ook gevra om op te tree by Hoër Meisieskool en La Rochelle tydens hulle 4M-week om die skole te help met die opbou van gees voor die geleentheid. Die drumline het hierdie jaar weereens die jaarlikse Piekniekkonsert afgeskop en hulle baie goed van hulle taak gekwyt. Die manne het alreeds begin voorberei vir volgende kwartaal se vol program wat hulle eweneens baie besig gaan hou.

Die tweede kwartaal was uiters suksesvol vir ons tromslaners. Hulle het drie optredes tydens Grey gehad en het gewys hoe ’n drumline moet klink. Hierdie optredes was tydens die hokkie- en rugby- eerstespanwedstryde en by die gebruiklike Kultuuraand wat die Vrydagaand plaasvind. Die manne het ook Paul Roos aangevat en ons het ongetwyfeld bewys dat ons hulle oortref. Ons sien uit na ons optredes tydens Interskole, wat vir enige drumline-lid die hoogtepunt van die jaar is!

Koorfees

Met elke funksie wat die musiekdepartement aanbied, besef ons hoe lekker dit is om weer, ná twee jaar, saam te kan sing en musiek maak. Vanjaar se koorfees was geen uitsondering nie – en elke gehoorlid in ons stampvol saal sal dit kan beaam! Dit was ’n voorreg om die verhoog te kon deel met die kore van Laerskool Gene Louw (wat pas hul kategorie by die ATKV-korekompetisie gewen het), Laerskool Durbanville, Primêre Seunskool, Laerskool Hugo Rust en Melkbosstrand Privaatskool.

Die hoogtepunt was ongetwyfeld die massakooritem aan die einde van die aand, met oudstudent Jurie Louw as dirigent. Jurie is ná die voltooiing van sy BMus (Hons) in komposisie en dirigeerkuns tans die dirigent van Melkbosstrand se koor.

Orkesfees
Die jaarlikse HJS Orkesfees het op Saterdag 20 Augustus plaasgevind. Dit was lekker om weer hierdie geleentheid aan te bied na ’n stilte van twee jaar. Vanjaar het HMS, ons eie oudstudenteorkes, Suonare (HJS-orkes) en Wynberg se blaasorkes deelgeneem. Ons gaskunstenaar was die musiekgroep, Kaleidoskoop, waarna die orkeste almal saam die aand afgesluit het met twee massaorkesitems. Vanjaar was dit ook lekker om ’n kunsuitstalling van mnr Sakkie Visagie en sy kunsstudente deel van die geleentheid te hê.

Prestigekonsert
Hugo de Waal, Charl Keet en Llewelyn van der Merwe, die drie matrikulante wat musiek as vak neem, het op 28 Augustus hul eie Prestigekonsert gehad, ’n jaarlikse finale optreegeleentheid voordat hulle hul eind- praktiese eksamen aandurf. Die was ’n glansgeleentheid waarby al drie manne skitterend was op die verhoog was. Hulle het hul familielede en gunstelingonderwysers vreeslik vermaak met hul verbysterende talente. Die aand was ’n groot sukses en die manne is vol moed vir die eksamen.

CSV/SCA
In Hoër Jongenskool Paarl is ons bevoorreg om elke Donderdagoggend ’n geleentheid te hê om vir 20 minute in kringe by mekaar te kom. Dit gee die seuns die geleentheid om te gesels oor ons geloof en die vaardighede wat ons in die lewe benodig om suksesvol te wees. Nico Smit en Deon du Plessis is ons hoofleiers vir 2022 en gee leiding aan 57 kringleiers en groepe.
Hierdie 57 seuns het aan begin van die jaar opleiding ontvang van Vicus Kruger oor hoe om die lesse aan te bied en hoe om hulle self te ontwikkel in so ’n spesifieke leiersposisie.
We also installed a new Growth app on the group leaders’ phones onto which weekly lessons, together with the verses, questions and challenges for every week, have been uploaded. Thus all the group leaders have instant access to weekly notes directly from his phone.
On Monday 14 March we were privileged to listen to Robert Owens during our assembly. Robert is an inspirational speaker from America and previously worked with the Navy Seals, New York Jets and many more. He also takes part in extreme challenges all over the world. His message to the school was direct and easy to understand. It was an honour to listen to him and we believe that a lot of the boys could relate to his story.
At the end of the term we gathered in the hall where Dominee Vicus talked to the boys about the term's lessons and what lies ahead in the second term. We hope everyone has a blessed holiday and travel safely.

It was an exciting second term at school packed with fun, laughter and learning. Our year started with the theme NEW BLUE - a fresh perspective and commitment of journeying together as one. Synergy is the keyword, as we look at the product of two being better than the product of one; and just what God meant by sending out the disciples two by two.
What we need to acknowledge here is the following: we have more than 60+ group leaders, 12 hub-leaders and two VCSV head boys. The system is shaped in such a way that the group leaders always have a backup and support. We are proud to say that our Fellowship Thursdays consist of more than 85% of the boys at school.

Here we tackle hard questions, like some of the topics of the previous term: “Taking responsibility for my self”; My voice - what do I use my voice for; Trust ; Hands - what does the Bible say about working and giving with what we have; Joy - sharing joy; Truth - why it matters, etc.
We are excited for the term to come and even more so for the holiday that precedes it.
As a message from our hearts, we would like to leave you with the following verse:
Peter 3:15 *But in your hearts revere Christ as Lord. Always be prepared to give an answer to everyone who asks you to give the reason for the hope that you have*.

In die derde kwartaal het ons voor die Septembereksamen vir die matrieks begin het, ’n kort reeks van vier lesse behandel. Baie dankie aan Vicus Kruger wat die lesse so getrou vir ons skryf en met die kringleiers behandel. Ons was ook bevoorreg om vir mnr Robert Schultheiss en Erik Marais van Gideons Internasionaal op Dinsdag 6 September te verwelkom. Hulle het met die graad 8-seuns oor Gideons Internasionaal en die getal Bybeltjies wat hulle jaarliks oor die wêreld versprei, gesels. Ons waardeer hul tyd en moeite verskriklik baie en glo die Gideons sal in die toekoms hierdie mooi tradisie met Hoër Jongenskool Paarl nog baie jare voortsit. In die foto sien ons vir Willem Mostert en Naudé Collins trots staan met hulle nuwe Gideonsbybels.

Eisteddfod
Die eerste been van die 2022 Paarl-Vallei Eisteddfodseisoen het reeds afgeskop en ons seuns het weer eens baie goed presteer.

Kategorie: Kitaar: Onderwyser: Mnr Ian Visser

Hugo Smit	Kontemporêre kitaar (intermediêr)	Silwer+
Daniël Nolte	Kontemporêre kitaar (intermediêr)	Silwer+
Roald Coetzee	Kontemporêre kitaar (gevorderd)	Goud
Matthew Franklin	Kontemporêre kitaar (gevorderd)	Goud+

Kategorie: Houtblasers: Onderwyser: Me Berdine Goldstone

Charl Steenkamp	Saksofoon Graad 1	Goud +
Charl Steenkamp	Saksofoon Graad 1	Goud +
Connor Bingham	Saksofoon Graad 2	Goud +
Philip Uys	Saksofoon Graad 5	Silwer +
Llewelyn vd Merwe	Saksofoon Graad 5	Goud
Llewelyn vd Merwe	Saksofoon Graad 5	Goud
Caleb Paulse	Saksofoon Graad 5	Goud +
Caleb Paulse	Saksofoon Graad 5	Cum Laude
Daniel Fulton	Klarinet Graad 2	Goud +
Levi Rechner	Klarinet Graad 2	Goud +
Levi Rechner	Klarinet Graad 2	Cum Laude
Bernard Leicher	Klarinet Graad 3	Goud
Duncan Griffiths	Klarinet Graad 5	Goud

Paarl-Vallei Eisteddfod
Die manne van HJS het hulself weer goed van hul taak gekwyt hierdie jaar by die 2022 Paarl-Vallei Eisteddfodseisoen.

Kategorie: Orkes **Onderwyser: Mnr. Reghardt Kühn**		
Suonare	Orkes – Ope Afdeling	Cum Laude
Kategorie: Kitaar **Onderwyser: Mnr Ian Visser**		
Hugo Smit	Kontemporêre kitaar (intermediêr)	Silwer+
Roald Coetzee	Kontemporêre kitaar (gevorderd)	Goud
Kategorie: Houtblasers **Onderwyser: Me Berdine Goldstone**		
Charl Steenkamp	Saksofoon Graad 1	Goud +
Charl Steenkamp	Saksofoon Graad 1	Goud +
Connor Bingham	Saksofoon Graad 2	Goud +
Philip Uys	Saksofoon Graad 5	Silwer +
Llewelyn vd Merwe	Saksofoon Graad 5	Goud
Llewelyn vd Merwe	Saksofoon Graad 5	Goud
Caleb Paulse	Saksofoon Graad 5	Goud +
Caleb Paulse	Saksofoon Graad 5	Cum Laude
Daniel Fulton	Klarinet Graad 2	Goud +
Levi Rechner	Klarinet Graad 2	Goud +
Levi Rechner	Klarinet Graad 2	Cum Laude
Bernard Leicher	Klarinet Graad 3	Goud
Duncan Griffiths	Klarinet Graad 5	Goud
Andro Louw	Blokfluit 14 Jaar	Cum Laude
Andro Louw	Blokfluit 14 Jaar	Goud +
Kategorie: Koperblasers **Onderwyser: Mnr Reghardt Kühn**		
Finn Harris	Trompet Graad 1	Goud +
Malan Enslin	Eufonium Graad 1	Silwer
Wilbur Nieuwoudt	Trompet Graad 2	Silwer
Jack Enslin	Franse Horing Graad 3	Silwer +
Jack Enslin	Franse Horing Graad 3	Silwer
Daniël Groenewald	Trompet Graad 4	Silwer +
Jean Burger	Tromboon Graad 5	Goud
Benjamin von Weichardt	Tromboon Graad 5	Silwer +
Benjamin von Weichardt	Tromboon Graad 5	Silwer +

Kategorie: Klavier **Onderwyser: Me Marissa von Mollendorf**		
Helgard Nolte	Klavier Graad 5	Silwer
Helgard Nolte	Klavier Graad 5	Silwer-plus
Andro Louw	Klavier Graad 4	Silwer-plus
Andro Louw	Klavier Graad 4	Silwer-plus
Wilbur Nieuwoudt	Klavier Graad 2	Silwer
Wilbur Nieuwoudt	Klavier Graad 2	Silwer-plus

Matthew Lamprecht	Klavier Graad 6	Goud
Hugo de Waal	Klavier Graad 5	Brons
Hugo de Waal	Klavier Graad 5	Silwer
Hugo de Waal	Klavier Graad 5	Goud
Charl Steenkamp	Klavier Graad 5	Goud-plus
Charl Steenkamp	Klavier Graad 5	Silwer-plus
Charl Steenkamp	Klavier Graad 5	Silwer-plus
Oliver Sales	Klavier Graad 6	Goud-plus

Die volgende deelnemers is na die PVE Gala-aand genooi waar hulle aangewys is as beste in hul onderskeie katergorieë:

Caleb Paulse	Beste Saksofoon
Levi Rechner	Klarinet
Connor Bingham	Saksofoon
Charl Steenkamp	Saksofoon
Daniel Fulton	Klarinet
Suonare (Boys Wind Band)	Beste Ope Orkes
Finn Harris	Beste Trompet
Nico Smit	Beste Voordragprogram

ACHIEVEMENT	**AWARD**	**CERTIFICATE Stickers**
90% and higher	**CUM LAUDE**	GOLD Cum Laude
85%–89%	**HIGHEST DISTINCTION**	GOLD +
80%–84%		GOLD
75%–79%	**DISTINCTION**	SILVER +
70%–74%		SILVER
60%–69%	**HONOURABLE MENTION**	MAROON / BRONZE

Toneel – Nico Smit

Met sy deelname aan die nasionale toneelkompetisie vir hoërskoolleerders het Nico Smit in graad 12 het weer eens ’n ongelooflike hoogtepunt in sy skoolloopbaan behaal. Ondanks sy besige program hierdie jaar het nog tyd ingeruim om deel te neem aan hierdie strawwe kompetisie.

Nico was een van die 60 leerders wat ná uitdunningsrondes gekies is om deur te gaan na die finale rondes by Kunstekaap (Artscape). Hy het toe deurgedring na die finale agt kandidate wat alleen in die operahuis moes optree, waarna Nico ’n posisie behaal het. Omdat leerders uit die hele Suid Afrika aan hierdie kompetisie deelneem, is dit ’n pluimpie vir Nico.

Nico is reeds in 2019 as die beste junior in hierdie kompetisie aangewys. Hy neem Dramatiese Kunste as vak en het op akademiese vlak ook nog nooit onder ’n A-gemiddeld bereik nie. Hy speel ook hokkie vir die tweede span – voldoende bewys van die balans wat Boishaai bied.

Redenaars: ATKV

Nege van ons leerders het vanjaar aan dié kompetisie deelgeneem, naamlik ons hoofseun, Ernst Kirsten (Senior Huistaal Voorbereid) en nog twee matrieks, Kenneth Janson (Senior Huistaal Onvoorbereid) en Robert-John du Toit (Senior Addisionele Taal Voorbereid), asook vier graad 8-manne wie se toekoms ons met verwagting dophou: De Wet Nel, Rynard de Beer, Roald

Coetzee en Sebastian Heyns (Junior Huistaal Voorbereid).
Robert-John du Preez, Kenneth Janson, Rynard de Beer en De Wet Nel het na die tweede ronde deurgedring en met hierdie geleentheid het Robert-John asook Rynard albei ’n vierde plek in hulle onderskeie afdelings behaal. Baie geluk aan julle twee.

Strand Rotariërs-redenaarskompetisie
Rynard de Beer het aan dié kompetisie in die junior afdeling deelgeneem en is as algehele wenner in sy afdeling aangewys. Saam met ’n trofee het hy ook prysgeld ontvang.

English Debating
Debating at PBH fared well during the third term, not only within the Boland Debating league where Boys’ High came in as one of the top five schools, but also within the provincial Debating league where multiple boys made it to the second and final rounds. Altogether nine of our learners took part in the provincial Debating after which one learner, Francois Rademeyer, made the Western Cape Debating squad.

Ballet
Cleto van Rooi was invited to dance with the KZN midlands Youth Ballet at the Hilton Theatre in May. This commitment of course meant that he could not play hockey at Grey. After he had completed the show at the Artscape, he was asked to dance the part as a professional dancer.

SPORT

Atletiek
As gevolg van Covid-19 was daar ’n totale herstrukturering van normale atletiekbyeenkomste in die vierde kwartaal in 2021.

Uitnodigingsbyeenkomste
Hoër Meisieskool het drie kort byeenkomste aangebied: Op 19 Oktober en 2 November was daar twee uitnodigingsbyeenkomste – lekker gemaklike byeenkomste sonder enige spanuitslae, slegs individuele prestasies. Ons seuns se prestasies was nie so goed as wat verwag is nie en dit het die idee van ’n atletiekprestasie-oefenkamp laat ontstaan wat vir 12 tot 14 Januarie op Buco Brugstraat plaasvind. Die volgende seuns verwerf eerste, tweede en derde posisies met meer as 700 punte op die APE-tabel:

o. 14

David Kriel
(3) Diskusgooi 42,49 m (754)
Juan van der Merwe
(2) Diskusgooi 43,58 m (769)
Dylan Welcome
(2) 100 m-hekkies 15,09 s (740)
Brentlee Damon
(2) 100 m 11,30 s (786)
(1) Hoogspring 1,69 m (700)

o. 15

Evan Kotzé
(3) Gewigstoot 13,88 m (787)
Aiden Jacobs
(1) 100 m-hekkies 13.88 s (822)
Jon Dorman
(2) Hamergooi 40,78 m (829)
Evan Kotzé
(3) Hamergooi 35,84 m (778)
Milan van Wyk
(1) Hoogspring 1,80 m (760)

o. 17

Christopher Hendriks
(2) 100 m 11,28 s (730)
Divan Fuller
(1) Spiesgooi 61,65 m (826)
Leonardo vd Werf
(1) 1 000 m 2:40,00 (794)

(1) 2 000 m 6:12,50 (741)
Jo Himmelstützer
(3) Gewigstoot 16,52 m (894)

(3) Diskusgooi 50,79 m (867)
Shane Adams
(2) 2 000 m 6:15,34 (732)
Jacques Rossouw
(1) Hoogspring 1,85 m (725)

Aflosbyeenkoms

Op 26 Oktober het die HMS die aflosbyeenkoms aangebied. Paarl Gimnasium, Paul Roos Gimansium, Boland Landbouskool, La Rochelle Meisieskool, Bloemhof Meisieskool en Hoër Meisieskool Paarl het deelgeneem. Die byeenkoms het bestaan het 4 x 100-, 4 x 400- en wisselaflosse.
Daar was ongeveer elf wedlope vir seuns.
HJS verwerf vyf tweede plekke en ses eerste plekke.

Twizza-byeenkoms

Die Twizza-byeenkoms op Groenpunt was ons hooffokus op 23 Oktober 2021. Hier was baie skole betrokke en elke skool het 15 atlete ingeskryf. Ons het hierdie een in die doodsnikke deurgetrek.
Die volgende seuns het meer as 700 punte verdien op die APE-tabel:

o. 15

Kealan Milton
(4) 100 m 11,76 s (726)
Tristan Sassoli
(1) 1 500 m 4:29,46 (740)
Aiden Jacobs
(2) 100 m-hekkies 14,01 s (834)

Evan Kotzé
(2) Gewigstoot 14,36 s (809)
Lee-Vano Cupido
(6) 100 m-hekkies 14,04 s (831)
Juan van der Merwe
(8) Diskusgooi 41,36 m (732)

o. 19

Elton Lombaard
(1) Diskusgooi 55,89 m (928)
Divan Fuller
(3) Spiesgooi 58,64 m (780)
Leonardo van der Werf
(1) 1 500 m 4:18,48 (771)
Tiaan du Preez
(6) Gewigstoot 15,20 m (823)
Jo Himmelstützer
(5) Gewigstoot 15,33 m (829)
Diskusgooi 47,49 m (825)
Jacques Rossouw
(2) Hoogspring 1,85 m (720)

HJS eindig in die eerste posisie vir die seunsafdeling met 15 221 punte, Fairmont tweede met 15 015 punte en Oakdale derde met 14 940 punte.

Moorreesburg Top-10

Die plattelandse Moorreesburg Top-10 was vir ons weereens 'n geleentheid om net 50 van ons atlete bymekaar te bring. Dit was 'n informele byeenkoms en alhoewel dit 'n Top-10-byeenkoms was, was daar geen uitslag nie.
Die volgende seuns het eerste, tweede en derde plekke verwerf en meer as 700 punte verdien op die APE-tabel:

o. 14

Juan van der Merwe (1) Gewigstoot 14,20 m (807)
David Kriel (2) Gewigstoot 13,12 m (756)
(1) Diskusgooi 48,10 m (828)

o. 15

Aiden Jacobs
(1) 100 m-hekkies 13,44 s (867)

o. 16

Divan Fuller (2) Spiesgooi 54,10 m (730)
(1) Gewigstoot 14,48 m (809)
Handré Groenewald
(3) Hamergooi 42,76 m (783)
Stefan Rossouw (1) Hamergooi 45,78 m (810)

o. 17

Jacques Rossouw
(1) 110 m-hekkies 15,97 s (721)
Elton Lombaard (3) Diskusgooi 53,33 m (897)
Jo Himmelstützer (2) Gewigstoot 16,13 m (878)

Landloop

HJS, Hugenote Hoërskool, Boland Landbou, Hoërskool Paarl Gimnasium, Hoërskool Labori, Paul Roos Gimnasium, Hoër Meisieskool La Rochelle, Hoër Meisieskool Paarl, Hoër Meisiekool Bloemhof, Hoërskool Paarl Vallei, Hoërskool Drostdy en Bridge House neem Woensdae aan vriendskaplike landloopbyeenkomste deel.

Die atlete hardloop 4 km en neem in ’n senior en junior afdeling deel. Elke skool kry ’n beurt om ’n byeenkoms aan te bied. Baie van die seuns by al die skole is by ander sportsoorte betrokke en kan dus nie aan elke wedloop deelneem nie. Ons wil egter dankie sê aan elkeen van ons atlete wat getrou oefen en met groot entoesiasme deelneem.

Die afgelope kwartaal was daar vier byeenkomste op Woensdae.

Op 13 April het nege junior en tien senior atlete ’n wedloop by Hugenote Hoërskool deelgeneem.

Op 20 April, 4 Mei en 18 Mei is wedlope aangebied deur Boland Landbou, Bridge House en Paul Roos onderskeidelik. Alhoewel die getal HJS-atlete afgeneem het, het ons seuns steeds goed gevaar en hul beste gelewer.

Sestien HJS-landloopatlete het op Vrydag 13 Mei in Bloemfontein aan ’n wedloop teen Grey Kollege deelgeneem. Daar was net een wedloop; juniors en seniors het gelyktydig deelgeneem. Slegs die eerste vier atlete per skool, per ouderdomsgroep, se tye is gebruik om die uitslag te bepaal. HJS het die junior wedloop 28 – 24 en die senior wedloop 25 – 24 naelskraap gewen.

Baie geluk aan al die atlete wat deelgeneem het – dit was ’n spanpoging. Ons is trots op elke atleet se bydrae.

Baie dankie aan me Tanja Malherbe (afrigter) vir haar entoesiasme en opoffering. Ons atlete se pragtige prestasies spreek van haar toewyding.

Ons sien uit na die volgende byeenkomste wat aangebied word deur La Rochelle, Paarl Gimnasium en ’n spesiale nuwe byeenkoms by Hoërskool Jan van Riebeeck se sportterrein op 10 Augustus.

Daar was in die derde kwartaal net twee byeenkomste, onderskeidelik by Paarl Gimnasium en die Interhuis-kompetisie in die Paarl Arboretum.

Die byeenkoms wat beplan was vir 10 Augustus by Hoërskool Jan van Riebeeck, is ongelukkig weens reën en die veiligheid van die roete gekanselleer.
Slegs drie junior HJS-atlete het aan die byeenkoms by Paarl Gimnasium deelgeneem. Aan die begin van die seisoen was daar ten minste tien juniors en tien seniors per byeenkoms, maar die seuns raak betrokke by die ander wintersporte en verdwyn by landloop.
Die uitslae was soos volg: Byeenkoms by Paarl Gimnasium:

Junior Seuns

Plek	**Naam**	**Van**	**Tyd**
5	Abelines	Schoeman	14,12
6	Ryan	Swanepoel	14,13
8	Luan	Stander	15,08

Interhuis-byeenkoms by Arboretum:

Posisie	**Juniors**	**Punte**
1	Monte Bello	527
2	Imhoff	478
3	Bellevue	388
4	Berlyn	314
5	Zeederberg	126
6	Villieria	120

Posisie	**Seniors**	**Punte**
1	Monte Bello	133
2	Villieria	114
3	Bellevue	99
4	Imhoff	89
6	Berlyn	0
6	Zeederberg	0

Daar het 112 HJS-atlete het aan die Interhuis-byeenkoms in die Arboretum deelgeneem. Baie dankie aan die HJS-personeel wat beamptes was. Dankie aan die huisvaders wat met die inskrywings gehelp het en ’n spesiale dankie aan die personeel wat ook deelgeneem het. Dankie vir almal se ondersteuning en positiewe bydrae.
Baie dankie aan mev. Tanja Malherbe (afrigter) vir haar entoesiasme en opoffering. Ons atlete se fiksheid en entoesiasme spreek van haar toewyding.
Baie dankie aan die atlete wat gereeld geoefen en deelgeneem het. Ons sien uit na ’n besige 2023-seisoen.

Tweekamp

Christiaan en Jan-Paul Hattingh is gekies om Boland by die SA Tweekampkampioenskap te verteenwoordig.
Zian Naudé het die tweede plek behaal en Christie Engelbrecht ’n derde plek. Hulle is ook deel van die Bolandspan wat gekies is om SA Tweekamp 1–2 April in Port Elizabeth te gaan verteenwoordig.

Die volgende vier Boishaaiers het vanjaar se o. 17-tweekampbeker gewen: Zian Naudé, Christie Engelbrecht, Christiaan Hattingh, Jan-Paul Hattingh. Ons het die beker in 2016 laas gewen.

Krieket
Ons het vanjaar vyf seuns wat in die onderskeie Boland-krieketspanne ingesluit is van wie vier in die Boland- onder 19-span is. **Gysbert Wege** is ook aangewys as die kaptein van die span.

Ons is oook baie bevoorreg om goeie ouer- en beheerliggaamondersteuning te hê sodat ons met ongetwyfeld die beste velde en nette in die Boland kan spog.
Vir die eerste keer sedert 2019 kon ons op ons jaarlikse toer Pretoria toe gaan. Die eerste span verdien spesiale vermelding vir hul eerste oorwinning teen Garsfontein tydens hierdie toer en ook vir hul oorwinning teen Waterkloof op hulle tuisveld – die eerste keer sedert 2018.
Dan wil ons ook graag vir Gysbert Wege gelukwens wat die eerste speler in die land is wat in die eerste helfte van die seisoen ’n duisend lopies kon verbysteek – voorwaar ’n spesiale prestasie.
The match on 9 October at Brug Street deserves special mention. PBH’s first XI won the toss and batted first. In this game the following was achieved:

- The highest ever individual score by a PBH batsmen in any team, including the first team (242* by Gysbert Wege from 138 balls, including 15 sixes and 16 fours);
- Lieben Engelbrecht 106* from 91 balls;
- The highest first team partnership in history (311 runs unbroken between Gysbert Wege and Lieben Engelbrecht);
- The highest ever first team score in 50 overs (447/2 in 50).

There were also several centuries and fifers by the following boys:
Centuries
Gysbert Wege 113 vs Waterkloof
Gysbert Wege 136 vs Queen’s College
Erwin Meyer 138 vs Queen’s College
Gysbert Wege 128* vs Pearson High
Gysbert Wege 242* vs Somerset College
Lieben Engelbrecht 106* vs Somerset College
Roux Meyer 156 vs Curro
Johann Wege 115 vs SACS
Five-wicket (and more) hauls
Gysbert Wege 5/41
Christian Burger 6/7 vs Drostdy

Verskeie van ons seuns het ook hier op die einde van die jaar in die Cape Premier League kompetisie gespeel en presteer. Gysbert Wege het weereens met die kolf uitgeblink en met 3 hondertalle in drie wedstryde is hy aangewys as die CPL player of the tournament.
Baie dankie aan elke afrigter vir die lang ure in die son en die mooi manier waarop julle met die seuns werk. Baie dankie aan mnre Carstens en Johan Swart en hulle span wat die velde en blaaie vir ons voorberei. Ons is opreg dankbaar vir die tyd en werk wat julle vir ons doen. Baie dankie aan die dames van die koshuis wat ons etes en drankies altyd reg het. Dan, spesiale dank aan ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning deur dik en dun; sonder julle kan ons dit nie doen nie. Laastens wil ek vir elke speler in HJS baie dankie sê vir julle gesindheid, julle tyd, julle lang ure in die son en die manier waarop julle krieket vir HJS speel. Ons is regtig trots op julle!

Ons is baie bevoorreg sulke krieketfasiliteite, krieketkultuur, ouer- en beheerLiggaamondersteuning te gehad het om ons veld en nette as defnitief die beste in die Boland te kan he.
In die eerste kwartaal van 2022 was dit ook die eerste keer sedert 2019 dat ons op ons jaarlikse toer Pretoria toe kon gaan. Dit was n wonderlike ervaring vir die seuns en die eerste span het n spesiale vermelding nodig met die eerste wen teen Garsfontein vandat ons op die toer gaan sowel as die om Waterkloof te klop op hulle tuis veld die eerste keer sedert 2018.
Ons het vanjaar 7 seuns wat in die onderskeie Boland-krieketspanne ingesluit is waarvan 4 in die Boland onder 19 span is. Gysbert Wege Kaptein Divan Swanepoel Juanrico Voster John Vermaak U/16 span: Liam Vermeulen Johan Wege Chad Ayford Dan wil ons ook graag vir Gysbert Wege geluk wens om die voorste lopie maker te wees in Paarl Boys' se geskiedenis. 1402 gemideld van 73 met 5 honderd talle insluit Asook Armand Burger wat 50 paaltjies in n seisoen verby gegaan het.
Daar was ook honderd talle en vyf paaltjies behaal deur die volgende Seuns: 100 talle: Gysbert Wege 113 vs Waterkloof Gysbert Wege 136 vs Queens College Erwin Meyer 138 vs Queens College Gysbert Wege 128 not out vs Pearson High Gysbert Wege 242 not out vs Somerset College Lieben Engelbrecht 106 not out vs Somerset College Roux Meyer 156 vs Curro Johann Wege 115 vs Sacs Gysbert Wege 139 vs Bishops Damien van der Walt 128 vs Parel Vallei 5 paaltjies en meer: Gysbert Wege 5/41 Christiaan Burger 6/7 vs Drosdy Christiaan Jonck 5/11 vs Paul Roos Daniel Lombaard 5/11 vs Paul Roos Kyle Tipo 5/7 vs Sacs Reece du Plessis 5/51 vs Sacs Sebastian Marais 6/18 vs Sacs Reece du Plessis 5/40 vs Sacs Francois Marias 5/27 vs Bishops Sebastian Marias 5/21 vs Bishops Aiden Batt 6/59 vs Bishops Charl van der Merwe 5/11 vs Rondebosch.

Baie dankie vir elke afrigter, vir die lang ure in die son en die mooi manier waarop julle met die seuns werk. Baie dankie aan mnre Carstens en Johan Swart en hulle span wat die velde en blaaie vir ons voorberei, ons is regtig dankbaar vir die tyd en werk wat julle vir ons doen.
Baie dankie aan die dames van die koshuis wat ons etes en drankies altyd reg het. Dan, !n spesiale dank aan ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning deur dik en dun, sonder julle kan ons dit nie doen nie. Laaste wil ek vir elke speler van HJS baie dankie sê vir julle gesindheid, julle tyd, julle lang ure in die son en die manier waarop julle krieket speel vir HJS.

AZOTEQ BOISHAAI 60 CRICKET
This years' tournament produced some amazing cricket, camaraderie and friendships. The event certainly exceeded our expectations and for this we can only be grateful. We would like to thank all the parents who supported us over the three days and, more importantly, the players who gave it their all out there on the cricket field.

We saw some amazing cricket talent during the fourteen games played over three days. Thanks to our sponsors and team owners, PSS, WP Staal, Jimmy's Sauces, JR Trailors, Paarl Postnet, Qube Capital, Mccarthy Toyota and Nulaid we managed to produce four junior and four senior teams this year. We were also privileged to still have Azoteq on board as our tournament sponsor.

We would like to congratulate the junior winners Jimmy's Sauce XI captained by Christian von Zuydam. They managed to win all three pool games. In the final they scored 123/3 against Qube Capital's 108/10.

In the senior draw, after a lot of very close moments during the pool game, the final was contested by WP Staal XI and JR Trailers XI and, after a hard-fought final, the WP Staal men came out on top. JR Trailors scored 103/10 in answer to WP Staal's 126/3.

We as Paarl Boys' High cricket community enjoyed great food, music and drinks but, more importantly, players and parents grew closer as a Boishaai family.

Kriekettoer na Engeland

Eerstens wil ek net baie dankie sê vir die geleentheid wat die seuns ná die Covid-19-pandemie gebied is om na Engeland te toer.

Sekere van die reëlings is getref in die geloof dat die pandemie ons sou toelaat om te toer en sommige van die besluite is geneem terwyl die reëls oor die regulasies rakende internasionale vlugte en verblyf nog nie uitgeklaar was nie. (Die kwarantyn was nog deel van die reëls toe toerplanne afgeskop het.)

Die toer was 'n groot sukses. Ons het fantastiese ondervindings gehad en kon so na aan normaal as moontlik toer.

Vir die bemarking van die skool was die toer van ongelooflike waarde. Dit het elke seun 'n geleentheid gebied om te kon toer en speel terwyl baie min skole so 'n geleentheid binne die bereik van enige seun kan plaas; ek is oortuig daarvan dat dit die regte manier is om dit te doen. Hierdeur verloor jy dalk die hoëverrigtingskomponent, maar jy wen die ervaringskomponent en dit is hoekom ek glo die geleentheid kom alle spanne en krieketseuns toe. Ons het dit ook só benader deur vir die seuns eerder die ervarings te skep as om te fokus op die resultate. Sodoende kon elke seun op die toer genoeg kans kry om te kolf en te boul, en dit was regtig wonderlik om te sien hoe die seuns dit aangryp.

Al die spanne kon minstens ses wedstryde inpas. Die feit dat 49 seuns elk soveel wedstryde kon speel, beskou ek as 'n besondere taak en dit is ook goed uitgevoer. Ons het teen Stowe School, Oundle School, Stamford College, Eaton College, Ipswich College, Tunbridge Wells, Sevenoaks

en Royal Grammar School Worcester gespeel. Baie van die skole se fasiliteite is iets wat ons nie in Suid-Afrika kry nie.
Die feit dat ons ’n fisio kon saamneem, was van ontsaglike waarde om seuns op die veld te hou. Dit het ook gehelp met die gesond hou van en die bestuursbesluite oor seuns wat wel beserings opgedoen het. Hier wil ons graag vir me Marina Wege baie dankie sê vir haar tyd, kennis en “ma”-wees vir die 49 seuns.
Die toer was ’n groot sukses en die toerkomitee verdien spesiale vermelding vir al hulle moeite en inisiatiewe. Die komitee het bestaan uit ’n beheerliggaamlid, mnr William Bourbon-Leftley, ’n ouerpaar, Thienus en Latitia Coetzee, die hoof van sport, mnr Frans Cloete, en hoof van krieketafrigting, mnr Johann Louw.
Ons is trots op hoe die seuns ons naam in Engeland hooggehou het.

Skaak
Die distriks- en provinsiale skaakproewe het in die vierde kwartaal (2021) plaasgevind. Ons seuns het baie goed presteer en goeie resultate behaal.

Kaapse Wynland-skaakproewe
HJS het ook in die ysige De Doorns by die Kaapse Wynland-skaakproewe uitgeblink. Buiten uitstekende resultate behaal ons spelers ook ’n eerste posisie.
o. 15-afdeling: 1e: Wium van Tonder; 4e: Kian Blomerus; 7e: D’Venerio White en 12e: Gregory Hall.
Wes-Kaapproewe
Op grond van sy oorwinning is Wium gekies om die Kaapse Wynland by die Wes-Kaapproewe in Caledon te verteenwoordig en behaal hy in ’n verbete stryd die vierde posisie.

Individuele toernooie
Wium van Tonder het aan die Wes-Kaap- geslote toernooi deelgeneem. Hy wen 4½ uit 6 wedstryde en behaal ’n vyfde posisie. Wium is ook as die beste junior speler in die ope afdeling aangewys.

Sentraal-Kaapse Wynland
’n Rekord getal van 22 seuns het op 19 Februarie aan die Sentraal-Kaapse Wynland-skaakproewe in Wellington deelgeneem.
Ons neem drie medaljes huis toe en verower agt toptien posisies by die o. 15- en o. 18-afdelings in totaal. Ons naaste teenstander, Paul Roos, kon slegs vier behaal.
Ons lewer 15 spelers op wat drie uit vyf wedstryde gewen het met ’n prestasiegradering hoër as 880 en 20 seuns kwalifiseer vir Kaapse Wynland

o. 15-afdeling
Prestasiegradering hoër as 880: Conlin Coetzee, Stephan Badenhorst en Bates Winshaw
Top-10 posisies: 9de: Oliver Sales; 7de: Wian van der Vyver; 6de: D’Venerio White; 3de: Ethan van Heerden.

o. 18-afdeling
Prestasiegradering hoër as 880: Alexander van der Walt, Juan Smith, Wium van Tonder en Mike Wang
Top-10 posisies: 10de: Zandré Grobler; 8ste: Gregory Hall; 4de: Kian Blomerus en 2de: Kobus Geyser

Kaapse Wynland
Twintig seuns het HJS op 5 Maart by die Kaapse Wynlandskaakproewe verteenwoordig. HJS lewer vier medaljes insluitend ’n 'n eerste plek, en agt seuns kwalifiseer vir Wes-Kaapproewe in Mosselbaai.
Boishaai lewer 10 spelers op wat ’n telling van 3 uit 5 of meer behaal met ’n prestasiegradering hoër as 1 000.

o. 15-afdeling
Prestasiegradering hoër as 1 000: D’Venerio White, Wian van der Vyver, Stephan Badenhorst en Conlinn Coetzee
Top-15 posisies (kwalifiseer vir Wes-Kaapproewe): 12de: Ethan van Heerden en 11de: Oliver Sales
U20 section: 3rd: Bernard Badenhorst
U18 section: Performance rating higher than 1 000: Juan Smith and Oscar Benvenuto
Top 15 positions (qualify for Western Cape trials): 13th: Mike Wang; 12th: Zandré Grobler; 9th: Alexander van der Walt; 3rd: Kian Blomerus en 1st: Wium van Tonder

Western Cape Inter Region-trofee
Kobus Geyser het die Kaapse Wynland Juniorspan op bord 1 verteenwoordig vir die Western Cape Inter Region-trofee in Saldanha. Kaapse Wynland het derde gekom. Kobus wen 2,5 van sy vier wedstryde en verwerf dus sy Kaapse Wynland-kleure.

Individuele skaaktoernooie
Kaapse Wynland-Ope: 15de: Kian Blomerus (Prestasiegradering: 1 116) en 6de: Wium van Tonder (PG: 1 325)
Westelike Provinsie-Ope: Wium van Tonder (PG: 1 225)
Kraaifontein-Ope: 20ste: Kobus Geyser (PG: 1 423)
Courtrai Scholar-Opekampioenskap: 1ste: Kobus Geyser (Goud)
Chess had an extremely successful third term. Our 1st, 3rd and 4th teams are still undefeated this year and altogether we have only lost one of our 22 games. We also had great individual results at provincial and international levels.

Wes-Kaapskole
Agt seuns het die Kaapse Wynlandskaakspan die afgelope naweek by die Wes-Kaapproewe in Mosselbaai verteenwoordig.
o. 15-afdeling: 20e: Oliver Sales en 11e: Ethan van Heerden
o. 20-afdeling: 12e: Bernard Badenhorst
o.18 afdeling: Oscar Benvenuto achieved a personal best.
Prestasiegradering hoër as 1 100: Zandré Grobler, Kian Blomerus, Wium van Tonder en Kobus Geyser

Uitslae

1st TEAM		
Grey College	5	1
Durbanville	6½	1½
Labori	6	0
Labori B	6	0
Groendal	6	0
Charleston Hill	5	1
Paulus Joubert	6	0
Klein Nederburg	6	0
WEN	***8***	
VERLOOR	***0***	

2nd TEAM		
Grey College	1½	4½
Labori A	5	1
Labori	6	0
Groendal A	6	0
Charleston Hill A	6	0
Paulus Joubert A	5	1
Klein Nederburg A	5	1
WEN	***6***	
VERLOOR	***1***	

3rd TEAM		
Grey College	3	3
Labori	6	0
Paulus Joubert B	5	0
Klein Nederburg B	5	1
WEN	***3***	
GELYKOP	***1***	

4th TEAM		
Labori C	5	1
Paulus Joubert B	5	0
Klein Nederburg B	4	2
WEN	***3***	

Ethan van Heerden het Suid-Afrika van 26 April tot 5 Mei by die **Internasionale FIDE Blitz-toernooi** in Griekeland verteenwoordig. Hy het voor van die wêreld se beste spelers te staan gekom en het drie van sy nege wedstryde gewen. Hy behaal ’n prestasiegradering van 1 400. Wium van Tonder het aan die gesogte **Moja Ope** in Kimberly deelgeneem. Hy het uitstekend gevaar en het in sy afdeling ’n gesamentlike derde plek behaal. Wium het ook die voorreg gehad om saam met Nigel Short, die wenner van die Grandmaster Norm-afdeling, tyd deur te bring. Mr Nigel is ’n Grandmaster van Engeland en visepresident van die Internasionale Skaakvereniging. Ethan participated in **Western Province Closed Tournament** and finished second. He was selected to represent Western Province at the South Africa Junior Chess Championships (SAJCC) during the June holidays

We could not have asked for a better end to the successful season we have experienced this term. The highlights of the term include the Interschools, both the Cape Winelands and the Western Cape Top Schools, and the Interhouse League.

Interskole 2022

Vanjaar was daar baie eerstes by Interskole:

- Die grootste Interskole-skaak met vyf spanne
- The inauguration of the Old Boys’ Interschools
- Eerste deelname van ’n matriekspan

HJS het briljante resultate behaal in die Interskole teen Paarl Gimnasium. Al vyf spanne het Gimnasium kafgedraf en twee spanne het sommer skoonskip gemaak. Die oudstudente het ongelukkig 2 – 4 verloor en moes die knie buig teen HJS se 1e span.

Western Cape Top Schools

Two teams, U15 and U18, qualified for Western Cape Top Schools held in Caledon 16 – 17 September. Our U15s played strongly and finished fourth in the Western Cape. Our U18 team played the games of their lives and finished as runners-up in Western Cape. This means that they qualify for the National Top Schools for the first time since 2009. Our captain, Wium van Tonder, led the way by claiming the best board-2 player award. We wish our first team all the best in their preparation for the Nationals.

Kaapse Wynland Topskole

’n Rekord getal spanne, naamlik vier (o. 15A&B en o. 18A&B), het aan die Kaapse Wynland Topskole deelgeneem. Ons seuns het hulself oortref. Die o. 15A-span het Paul Roos geklop en die o. 18A’s het ondanks ’n gelykoptelling teen Paul Roos weggestap as die Kaapse Wynlandkampioene. Ons B-spanne het uitstekend gevaar teen die A-spanne en het selfs ’n derde plek asook ’n bordprys verower.

Spanresultate:

O. 18A 1e (Kaapse Wynlandkampioene)
O. 18B 5e
O. 15A 2e

O. 15B 3e
Individuele resultate:
Kian Blomerus beste bord 3-speler (o. 18)
Zandré Grobler beste bord 4-speler (o. 18)
Ethan van Heerden beste bord 1-speler (o. 15)
Joshua Petersen beste bord 3-speler (o. 15) as ’n B-spanspeler

Interhuisliga

Vanjaar se Interhuis het weer eens groot getal seuns betrek. Daar het 58 spelers deelgeneem en die manne het hulself geniet agter die skaakbord. Baie geluk, Villieria, met jul oorwinning! Die hart is blou, maar die bloed is ROOI.

1. Villieria
2. Berlyn
3. Zeederberg
4. Monte Bello
5. Imhoff
6. Bellevue

Skaakuitslae vir kwartaal 3:

1e span (o. 18A)

Paarl Gimnasium	5	3
DF Malan	4½	1½
HTS Drostdy	3½	2½
Worcester Gimnasium	5	1
Paul Roos	3	3
Calling Academy	6	0
HS Wellington	5½	½
Jan van Riebeeck	5½	½
Hillcrest	5	1
Paul Roos	2	4
Masimbambane	4½	1½
HS Bredasdorp	3	3
WEN	9	
